

# Suid-Afrika se lang tog na ekonomiese vryheid: 'n Persoonlike reis<sup>1</sup>

Johan Fourie

Johan Fourie, Departement Ekonomie, Universiteit Stellenbosch

## *Opsomming*

Ekonomiese geskiedkundiges het deesdae die kwantitatiewe middele om “geskiedenis van onder af” te ontsluit. Ons wil die vraag beantwoord: Wat gee gewone mense die vermoë om beter lewens te bou, en wat weerhou die vryheid om dit te doen van hulle? In hierdie skrywe gebruik ek my familiegeskiedenis om hierdie vraag te beantwoord. Terwyl ek my familie deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis volg, gebruik ek 'n verskeidenheid kwantitatiewe bronreke: universiteitsrekords, sterftekennisgewings, kiesersrekords, rekords van maatskappye met beperkte aanspreeklikheid, attestasierekords, belastingrekords, boedelinventaris, om net 'n paar te noem. Hierdie rekords help my om te bewys dat Suid-Afrika goed gedoen het om die eerste les uit die ekonomiese geskiedenis – dat ons wetenskap moet gebruik om ons meer produktief te maak – te leer. Ons het egter eers onlangs van die tweede les – dat die voordele van hierdie produktiwiteit nie net aan 'n elite moet behoort nie – bewus geword. Suid-Afrika se lang tog na ekonomiese vryheid is dus nog ver van klaar af. Ons ambisie gaan egter verder: ons wil nie net die lang pad na ekonomiese vryheid beskryf nie, maar dit uiteindelik ook bevorder. Solank ons die regte lesse uit die verlede leer, lyk die toekoms meer belowend.

**Trefwoorde:** Afrikanergeskiedenis; ekonomiese ontwikkeling; genealogie; welvaartskepping

## *Abstract*

## **South Africa's long haul to economic freedom: A personal journey**

Dawid Fourie arrived on 24 November 2021, a first-born son to Helanya and Johan Fourie. It was an inauspicious start. On that day, South African scientists reported a new variant of the Covid-19 virus, Omicron.<sup>2</sup> The backlash was immediate. The world locked South Africa out, cancelling flights and bookings on the eve of what we had hoped would be a busy tourist

summer. On top of this, the country was still reeling from the impact of violent protests in KwaZulu-Natal a few months earlier. Hope of a quick recovery had faded. The minus 7% growth in 2020 was South Africa's worst in a century.<sup>3</sup> There was much to be pessimistic about.

And yet Dawid was born at a time which is, despite all the bad news, the best in history. Let us take just one measure of a good life: life expectancy. The average South African boy born in 2019, the most recent period for which I could find data, could expect to live to 61,5 years, or 65,7 years if fortunate enough to be born in the Western Cape.<sup>4</sup> A girl could expect to live about six years longer. This is much longer than our ancestors lived only a few generations ago. Averages, of course, mask large differences between South Africans. But the point remains for all subdivisions: across race, class, gender and geography, South Africans are living longer than at any time in the country's history.

Economic history gives us the benefit of the long-run view. It helps us ask the right questions. Instead of 'Why are we poor?', we ask the more historically accurate question, 'Why are we so remarkably rich?' or 'Why do we live so much longer than our ancestors?'

Asking these questions does not mean we have solved the dual economic problems of production and distribution and that we can now rest on our laurels. We have much still to do. Life expectancy in South Africa is at the low end of the global distribution. While women's average life expectancy in South Africa is 68 years, according to the World Bank, it is 78 in Morocco and Mexico, 80 in Argentina and Ecuador, and 84 in Portugal and Slovenia.<sup>5</sup> Clearly we can do better.

Aiming to do better does not mean that things will inevitably get better. South African men achieved a life expectancy of 60 years in 1990, but by 2005 the HIV/Aids epidemic had reduced it to 51. The recovery since then is due to the extraordinary success of antiretroviral drugs – advances in medicine being one of the reasons why our lives today are so much better than only one or two generations ago.

Despite many wrong turns in South Africa's long walk to economic freedom, we have undeniably moved forward. This progress is the consequence of two beliefs: that we should use our knowledge of nature, or what we might call science and technology, to make us more productive and so raise our standard of living. The second belief is that the benefits of this rising productivity should not be limited to an elite but shared by ordinary people.

We can see the results of the first belief throughout South African history, from learning to work iron, to adopting maize as a crop, to introducing new forms of money – all of which happened before the arrival of Europeans. New technologies were also adopted in the eighteenth century when Europeans settled the southern tip of the continent, creating a level of prosperity that was among the highest in the world at the time. And innovation continued during the nineteenth and twentieth centuries, accelerating South Africa's walk towards economic freedom.

But our progress has been hampered by one major failing. The sad truth is that the second belief, that increasing productivity should benefit all, has only very recently been embraced. Put differently, until 1994 the majority of South Africans were, at best, observers of South Africa's long walk. The good news is that many have now joined in. The bad news is that, for a variety of reasons, many are still only limping along.

To tell this story of South Africa's long walk to economic freedom, I have chosen to use the family history of the Fouries, of whom Dawid represents the 11th generation. It will indeed be a personal journey. I will draw on chapters from my book, *Our Long Walk to Economic Freedom*, which spells out many of the lessons economic historians have learned in studying the progress of humankind over the millennia.<sup>6</sup> And I will use the methods that my colleagues, my students and I use at the Laboratory for the Economics of Africa's Past (LEAP), the research unit I coordinate in the Economics Department.

As I follow my family through South African history, I use a variety of quantitative sources: university records, death notices, voter records, limited liability company records, attestation records, tax records, probate inventories, to name just a few. Using such records, I argue that the economist and the quantitative social science historian have the means to open up 'histories from below'. We want to answer the question: What gives ordinary people agency to build better lives, and what denies them the freedom to do so? But our ambition goes beyond simply answering the question: we want not only to describe the long walk to economic freedom but ultimately to advance it.

**Keywords:** Afrikaner history; economic development; genealogy; wealth creation

## 1. Inleiding

Dawid Fourie is op 24 November 2021 gebore, Helanya en Johan Fourie se eersteling. Dit was 'n onheilspellende begin. Op daardie dag het Suid-Afrikaanse wetenskaplikes 'n nuwe variant van die Covid-19-virus aangekondig, Omicron.<sup>7</sup> Daar was onmiddellik 'n wêreldwyse teenreaksie. Op die voorwoord van wat ons gehoop het 'n besige toerismesomer sou wees, het die wêreld Suid-Afrika uitgesluit en vlugte en besprekings gekanselleer. Op die koop toe het die land nog geduisel onder die impak van gewelddadige betogings in KwaZulu-Natal 'n paar maande tevore. Die hoop op 'n spoedige herstel het vervaag. Die minus 7% groei was Suid-Afrika se swakste in 'n eeu.<sup>8</sup> Ons het goeie rede gehad om pessimisties te wees.

En tog is Dawid in 'n tyd gebore wat, ten spye van al die slegte nuus, die beste in die geskiedenis is. Kom ons neem net een maatstaf vir 'n goeie lewe: lewensverwagting. Die gemiddelde Suid-Afrikaanse seuntjie wat in 2019 gebore is kan verwag om 61,5 jaar oud te word, of 65,7 as hy gelukkig genoeg is om in die Wes-Kaap gebore te word.<sup>9</sup> 'n Meisietjie kan verwag om sowat ses jaar langer te leef. Soos ek hier onder sal wys, is dit baie langer as wat ons voorouers net 'n paar generasies tevore geleef het. Gemiddeldes versluier natuurlik groot verskille tussen Suid-Afrikaners, maar feit bly staan vir alle onderverdelings: oor ras, klas, gender en geografie leef Suid-Afrikaners langer as in enige ander tyd in die land se geskiedenis.

Ekonomiese geskiedenis gee ons die voordeel dat ons oor baie jare heen kan kyk. Dit help ons om die regte vrae te vra. Pleks van "Hoekom is ons arm?" vra ons die histories akkurater vraag: "Hoekom is ons so merkwaardig ryk?" of "Hoekom leef ons soveel langer as ons voorouers?"

Hierdie vrae beteken nie ons het die tweeledige ekonomiese probleme van produksie en verspreiding opgelos en ons kan nou op ons louere rus nie. Daar wag nog baie werk. Lewensverwagting in Suid-Afrika is op die lae punt van die globale verspreiding. Waar vroue se gemiddelde lewensverwagting in Suid-Afrika 68 jaar is, is dit volgens die Wêreldbanks

jaar in Marokko en Mexiko, 80 in Argentinië en Ecuador en 84 in Portugal en Slowenië.<sup>10</sup> Dis duidelik dat ons beter kan vaar.

Om te probeer beter vaar te beteken nie dat dinge vanselfsprekend sal verbeter nie. In 1990 was Suid-Afrikaanse mans se lewensverwagting 60 jaar, maar teen 2005 het die MIV-vigs-epidemie dit na 51 verlaag. Die herstel sedertdien is te danke aan die buitengewone sukses van antiretrovirale middels – die vordering in die geneeskunde is een van die redes hoekom ons lewe vandag soveel beter is as net een of twee generasies gelede. Die bewyse oor lewensverwagting suggereer dat Suid-Afrika se lang tog na ekonomiese vryheid onbetwisbaar vorentoe beweeg het.

Hierdie vordering is die gevolg van twee oortuigings: eerstens, dat ons ons kennis van die natuur, of wat ons die wetenskap en tegnologie kan noem, moet gebruik om ons produktiewer te maak en ons lewenstandaard te verhoog. Die tweede oortuiging is dat die voordele van hierdie stygende produktiwiteit nie tot 'n elite beperk moet word nie, maar dat gewone mense daarin moet deel.<sup>11</sup>

Ons kan die resultate van die eerste oortuiging deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis sien, van waar geleer is om met yster te werk, tot die aanvaarding van mielies as 'n gesaaide tot die gebruik van nuwe vorms van geld – alles gebeure voor die aankoms van die Europeërs. Nuwe tegnologie het ook Europeërs gehelp om hulle op die suidpunt van die kontinent te vestig en 'n vlak van welvaart te skep wat destyds van die hoogste in die wêreld was. En innovasie het deur die negentiende en twintigste eeu voortgeduur en Suid-Afrika se beweging op die pad na ekonomiese vryheid versnel.

Maar ons vordering is deur een groot tekortkomming gestrem. Die hartseer waarheid is dat die tweede oortuiging, dat toenemende produktiwiteit tot almal se voordeel moet wees, eers baie onlangs aangegryp is. Anders gestel, tot 1994 was die meerderheid Suid-Afrikaners ten beste net waarnemers van Suid-Afrika se lang tog. Die goeie nuus is dat baie nou daarby aangesluit het. Die slechte nuus is dat baie om 'n verskeidenheid van redes nog maar net saam hinkepink.

Om hierdie ontwikkeling oor tyd beter te verstaan, ondersoek ek die vraag: Wat gee gewone mense die mag om beter lewens te bou, en wat weerhou die vryheid om dit te doen van hulle? Ek gebruik die familiegeskiedenis van die Fouries om dit te doen, waarvan Dawid die 11de generasie verteenwoordig. Ek verwys ook na hoofstukke uit my boek *Our Long Walk to Economic Freedom*, wat baie van die lesse uitspel wat ekonomiese historici in hul studie van die mensdom se vordering deur millennia geleer het.<sup>12</sup> En ek maak staat op kwantitatiewe metodes wat tans gewild is onder sosialewenskapshistorici.<sup>13</sup>

Ons ambisie gaan verder as om net die eenvoudige vraag te beantwoord: ons wil nie net die lang tog na vryheid beskryf nie, maar dit uiteindelik ook bevorder. Die lesse uit die geskiedenis help ons om dit te doen.


## 2. Drie generasies

Ek is in November 1982 gebore, nóg 'n onheilspellende jaar in hierdie land se geskiedenis. Suid-Afrika het in sowel 1982 as 1983 'n negatiewe groeikoers gehad. Die inflasiekoers was

14,6%. Politieke spanning was aan die opbou. Besoek maar net die Wikipediablad “1982 in South Africa” en tel die verwysings na bomme. Ons het Paarl toe getrek toe ek ’n maand oud was en daar het ek die volgende 18 jaar deurgebring. My pa, Wynand, was eers ’n onderwyser en het toe as verkoopskonsultant vir Clift Granite gewerk; my ma, Anneen, was ’n bibliotekaris by die Hugenote Kollege in Wellington.

My ma en pa het mekaar ontmoet toe hulle aan die Universiteit Stellenbosch gestudeer het. Van die 125 000 studente wat hul voorgraadse grade daar voor 2010 voltooi het, was hulle onder die byna 1 000 Fouries, ongeveer 0,7% van die totaal. My ma het in 1975 ingeskryf en my pa in 1976, die eerste jaar wat daar meer as 2 000 eerstejaars by Stellenbosch was. Hulle het albei in 1978 graad gekry.


In die 1970’s het studentegetalle by Stellenbosch en ander universiteite vinnig gestyg. Die redes hiervoor was ekonomies, polities en maatskaplik. Eerstens was die Suid-Afrikaanse ekonomie besig om van landbou, mynwese en vervaardiging na dienste te skuif. Die BBP-grafiek wys die sektorale verskuiwing oor die vorige eeu, gebaseer op werk wat ek saam met Wimpie Boshoff gedoen het.<sup>14</sup> Die afname in landbou, van meer as 20% aan die begin van die eeu tot minder as 5% aan die einde daarvan, is treffend.



**Figuur 1. Ontleding van Bruto Binnelandse Produk, volgens sektor, 1910–2010.**  
Bron: Boshoff en Fourie (2020)

Tweedens, om wit kiesers oor sy projek van rasseskeiding te paaι, het die Nasionale Party universiteite relatief bekostigbaar gemaak. Ek en Estian Calitz wys in ’n 2016-referaat dat klasgeld aan die Universiteit Stellenbosch as ’n persentasie van die gemiddelde inkomste per persoon van 67% in 1911 gedaal het tot 26% in 1977, die jaar toe albei my ouers nog gestudeer het. Teen 2015 het dit na 44% toegeneem.<sup>15</sup> Vandag is die koste van hoër onderwys in Suid-Afrika en wêreldwyd besig om te styg. Een gevolg is dat minder van dié onderaan die inkomsteverspreiding my ouers se geleentheid vir opwaartse mobiliteit sal hê.

Derdens, teen die 1970's was wit vroue besig om in groot getalle tot die arbeidsmark toe te tree. Dit was in pas met 'n globale verskuiwing in die Weste in die twintigste eeu.<sup>16</sup> Amy Rommelspacher het die opkoms van vroue in klerikale werk in Kaapstad vanaf die 1930's en opmerklik ná 1950 gedokumenteer.<sup>17</sup> Veral omdat wit vroue in 1930 stemreg gekry het en aangehelp is deur geleenthede vir vroue tydens die Tweede Wêreldoorlog, was die registrasie van voorgraadse vrouestudente redelik hoog, bo 40% vir die grootste gedeelte van die eeu.<sup>18</sup> Vroue se aandeel het ná 1994 toegeneem, soos in die grafiek oor die gendersamestelling gesien kan word. Die toename is selfs groter vir bruin en swart vroue.



**Figuur 2. Gendersamestelling van voorgraadse studente, Universiteit Stellenbosch, 1920–2013. Bron: Anke Joubert (2015)**

### 3. Vier generasies


Albei my ouers het uit huishoudings gekom waar hul ma's nie in die formele arbeidsmark gewerk het nie. My pa het op 'n volstruisplaas in Oudtshoorn grootgeword, *Die Eiland*. Sy pa, my oupa Johannes Jacobus Fourie, is in 1929 gebore en is in 2009 op 80-jarige ouerdom dood. Sy vrou, my ouma Catharina Fourie (née Claassen) of soos ek haar genoem het, Ouma Kate, het haar hoofsaaklik met die grootmaak van sewe kinders besiggehou. Ouma Kate is verlede jaar op 90 dood, vyf dae nadat haar agterkleinseun Dawid gebore is.

Oupa Johan en Ouma Kate was albei op die 1972-kieserslys, Oupa is aangeteken as *Boer* en Ouma as *Huisvrou*. Daar was omtrent 2,1 miljoen wit Suid-Afrikaners op die kieserslys. Ek tel 15 640 Fouries, wat hulle sowat 0,75% van die wit bevolking maak. Ek voorspel dat kieserslyste een van die belangrikste bronne vir toekomstige Suid-Afrikaanse ekonomiese en

kwantitatiewe historici sal word. Ekonomiese historici wêreldwyd gebruik toenemend sensusrekords op individuvelak om veelgenerasie-lengtepanele saam te stel.<sup>19</sup> Ongelukkig is die meeste van Suid-Afrika se sensusrekords verlore of vernietig. Ons kieserslyste bied darem 'n alternatief, met dié dat hulle die name, ouderdomme, adresse en beroepe van al die geregistreerde kiesers verskaf. Hulle het wel vir die grootste gedeelte van die 20ste eeu net die wit bevolking ingesluit, maar weens dienierassige stemreg van daardie tyd het die Kaapkolonie se kieserslyste 'n veel groter rassediversiteit weerspieël – ten minste wat mans betref, want vroue het toe nog nie stemreg gehad nie.

My navorsingseenheid ondersteun tans die transkripsie van die 1971-kieserslys.<sup>20</sup> Die 1984-lys is reeds aangehandel en daar het ek 21 682 Fouries getel, 'n toename van 38% in net 12 jaar. My ma en pa was toe al stemgeregtig en hulle was ook op die lys, met hul beroepe as *Onderwyser* en *Bibliotekaris* aangedui. Hulle was seker baie besig, want hulle het nagelaat om hul adresse op te dateer. Dit word aangedui as Beaconbaai, Oos-Londen, waar ek twee jaar vroeër gebore is, al het ons toe in die Paarl gewoon. Sulke foute moet ons daarvan weerhou om die resultate met oormatige vertroue te vertolk: Groot Data in die geskiedenis kan met groot probleme gepaard gaan.

My ma het in die Paarl grootgeword, die dogter van Simon Poerstamper, 'n passer en draaier, en Elsa Carstens, 'n tuisteskepper. Ek het nooit my oupa aan moederskant ontmoet nie – hy is in 1981 dood, 'n jaar voor my geboorte. Hy was mank nadat hy as kind polio gehad het, 'n siekte wat danksy die uitvinding van die polio-entstof in die 1950's feitlik heeltemal uitgeroei is, soos die syfers vir die VSA in Figuur 3 wys. Suid-Afrika se syfers is ongelukkig eers vanaf 1980 beskikbaar.




Figuur 3. Poliogevalle per 1 000 mense in die Verenigde State en (sedert 1980) in Suid-Afrika, 1910–2021; eie berekening. Bron: Our World in Data (2022)

Die Bergvlier verdeel die Paarl in twee. Aan die westekant is die hoofsaaklik wit deel van die dorp en die bruin en toenemend swart inwoners woon aan die oostekant. Dit was nie altyd so nie. In die 1950's en 1960's is duisende bruin inwoners gedwing om hul huise te verlaat en is hulle na ander woonbuurte verskuif, dikwels ver van hul werk. Die segregasie wat deur die Groepsgebiedewet aan die gang gesit is, het sonder twyfel hul ekonomiese vooruitsigte geknou. My ma se familie moes ook trek; hulle het ironies genoeg in 'n deel wat as "gekleurd" geklassifiseer is gewoon. Soos ek verstaan, het my oupa Pretoria toe gery om oor die regulasies te kla, helaas tevergeefs.


Dat bruin Paarlse inwoners aan die westekant van die rivier gewoon het, blyk duidelik uit die data wat ons transkribeer. Vir die afgelope vyf jaar het 'n span afgetrede bibliotekarisse en historici ywerig die Paarlse doodberigte getranskribeer. Dit openbaar 'n dorp baie anders as die een waar ek in die 1980's en 1990's grootgeword het. In my kinderjare was daar geen bruin inwoners in Boschstraat in Noorder-Paarl waar ons gewoon het nie, maar toe ons die doodberigte ontleed, het ons gevind dat van die 227 sterftes in Boschstraat tussen 1900 en 1930, 221 of 97% dié van bruin inwoners was.<sup>21</sup> Wat in die Paarl gebeur het, was natuurlik nie uniek nie: Gedwonge segregasie was oor die hele Suid-Afrika aan die orde van die dag, van klein dorpie tot groot stede. Die gevolge van apartheid se ruimtelike beplanning is vandag nog duidelik.

Ons het die doodberigte in 2018 begin transkribeer om die uitwerking van die Spaanse Griep honderd jaar vroeër te ondersoek. Ek kon nie gedroom het dat die wêreld net twee jaar later nog 'n pandemie sou beleef nie. Skielik was ons navorsing oor die 1918-griep in aanvraag. Teen April 2020 het ons 'n verslag by die presidensie ingedien en saam met Jonathan Jayes en ander het ek twee referate gepubliseer wat wys hoe die griep bestaande ongelykhede in die gesondheidsorgstelsel vererger het, 'n bevinding wat vandag relevant is.<sup>22</sup> Figuur 4 wys duidelik dat bruin en swart inwoners se mortaliteitskoers buite verhouding hoog was weens die griep.



**Figuur 4. Sterftekoeurs volgens ras, ouderdomsgroep, gender en pandemiese tydperk, Paarl 1915–1920**

Dit wil nie sê dat die dood nie algemeen in alle groepe was nie. Soos Figuur 5 vir my oupa se tuisdorp, Oudtshoorn, wys, was daar ook baie Fouries onder die sterftes. Dawid Hermanus, veraf verwant, is op 93-jarige ouderdom 'n paar weke voor die aankoms van die Spaanse Griep dood. Andries Jonathan Fourie sou nie tot op daardie rype ouderdom leef nie. Hy is 'n maand later, op 15 Oktober, op 56-jarige ouderdom dood. Die oorsaak van sy dood is as longontsteking aangeteken, 'n teken dat die griep in Oudtshoorn aangekom het.




**Figuur 5. Sterftes volgens ouderdom, gender en datum, Oudtshoorn, September 1918 tot Februarie 1919**

#### 4. Vyf generasies

My oupagrootjie Wynand Breytenbach Fourie, gebore in 1897, was gelukkig om die Spaanse Griep te oorleef toe hy 21 was, 'n ouderdom waarop baie ander omgekom het. Miskien het dit gehelp dat Oudtshoorn ten tyde van sy geboorte 'n heel welvarende plek was, weens die wêreldwye aanvraag na volstruisvere. Soos baie ander dinge het dit met die Franse Revolusie begin en met Marie Antoinette se toonaangewende volstruisveerhoede. 'n Eeu later, in die 1880's, was hierdie hoede hoogmode. Teen die eeuwending het vroue van alle klasse hoede versier met die baie gewilde en nou bekostigbare volstruispluime gedra.<sup>23</sup> Oudtshoorn het gebaat by die groeiende aanvraag: tussen 1870 en 1900 het die distrik se rykdom drie keer vinniger as die Kolonie s'n toegeneem.

Maar die Kaapse welvaart het nie net weens volstruisvere toegeneem nie. Saam met Edward Kerby, Anton Ehlers en Lloyd Maphosa het ek die Kolonie se rekords van maatskappye met beperkte aanspreeklikheid by die eeuwending ontleed.<sup>24</sup> Beperkte aanspreeklikheid is ingestel om dit makliker te maak om in private ondernemings te belê. Die gevolg was die vinnige groei van privaat kapitaal, en Oudtshoorn was geen uitsondering nie. Neem byvoorbeeld die Oudtshoorn Recreation Ground Company Limited, geregistreer in 1883. Alhoewel die meeste van die aandeelhouers vanne Engelse of Joodse beleggers suggereer, is daar een Fourie op die lys, Andries Jonathan. Hy het 10 aandele besit. Ek vermoed dit is dieselfde Andries Jonathan wat tydens die Spaanse Griep dood is.

Oudtshoorn se opbloei het skielik in 1914 tot 'n einde gekom. Die oorlog in Europa was nie die enigste bedreiging vir die volstruishandel nie; die Model T Ford se gewildheid het toegeneem en wie kan 'n groot hoed met vere in 'n oop motor op die kop hou? Die volstruisveerbedryf het ineengestort en daarmee saam Oudtshoorn se vooruitsigte. Die les: Tegnologie ontwrig – en feitlik altyd op onverwagse maniere.




**Figuur 6. Dawid Fourie se genealogie oor vyf generasies**

My oupagrootjie was 17 toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek. Sover ek weet, het hy nie aangesluit om te gaan veg nie, maar baie ander Suid-Afrikaners het wel. Wanneer soldate aangesluit het, het hulle 'n beëdigde verklaring ingedien wat allerhande soorte biografiese inligting verskaf het, insluitend die rekruut se lengte.

Ekonomiese historici het kreatiewe maniere gekry om die lewenstandarde van vorige generasies te meet. Ons het nie altyd toegang tot inkomstes of welvaart nie, vandaag se standaardmaatstawwe vir 'n gemeenskap se welsyn, dus moes ons alternatiewe kry. Daar is gevind dat lengte 'n betroubare plaasvervanger is. Iemand se lengte word 80% deur hul gene-

bepaal, maar 20% deur hul omgewing. Hoe beter hulle byvoorbeeld as babas gevoed is, hoe langer sal hulle waarskynlik word. As ons bevind dat die gemiddelde lengte van 'n gemeenskap met verloop van tyd toegeneem het, kan ons dit aan die beter voeding van die kinders toeskryf. Met ander woorde, die gemeenskap het welvarender geword.

Dit is presies wat ek en etlike medeskrywers die afgelope paar jaar gedoen het. In 'n projek saam met Bokang Mpeta en Kris Inwood het ons die lengtes van wit en swart rekrute in verklarings vir die Suid-Afrikaanse Oorlog en die Eerste en Tweede Wêreldoorlog ontleed, asook in etlike ander datastelle.<sup>25</sup> Figuur 7 wys dat die gaping aan die begin van die 20ste eeu groot was en dat dit in die loop van die eeu groter geword het. Dit is veral die eerste drie dekades van die twintigste eeu – die tydperk van grondonteinging en ander diskriminerende beleide – wat hierdie verskil verduidelik. Ek, Martine Mariotti en Kris Inwood het onlangs die lengtes van wit Suid-Afrikaners van 1865 tot 1920 ondersoek.<sup>26</sup> Ons het bevind dat wit Suid-Afrikaanse mans voor die algemene industrialisasie van die land van die langste in die wêreld was, 'n gevolg van die grootliks landelike bevolking se hoë proteïendieet. My oupagrootjie was blykbaar een van hulle, met sy lengte van ses voet sewe, of 200 sentimeter. My pa onthou dat hy 'n nommer 15-skoen gedra het.




**Figuur 7. Lengtes van swart en wit mans, 1870–1990**

## 5. Ses generasies

My oupagrootjie se pa het nie in die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899 tot 1902 geveg nie – 'n oorlog tussen Brittanje aan die een kant en die Boererepublieke van Transvaal en die Oranje-

Vrystaat aan die ander kant. Maar baie ander Fouries het wel geveg. Toe die Boere se strategie na guerrillaoorlogvoering oorskakel en veral toe Kitchener 'n verskroeideaarde-beleid van stapel stuur, het die Britte interneringskampe, ook konsentrasiekampe genoem, vir ontwortelde Boere opgerig. Die getalle in hierdie kampe het vinnig toegeneem en die toestande het versleg. Ons het verstommende gedetailleerde inligting oor die mense in hierdie kampe. 'n Datastel wat Elizabeth van Heyningen saamgestel het bevat besonderhede oor 140 000 individue.<sup>27</sup> Vir omrent 90 000 van hulle het ek inligting oor die duur van hul verblyf gevind. Die gemiddeld was 267 dae, en 270 vir die Fouries, wat 1,2% uitgemaak het. Een van dié wat die kampe oorleef het, was die ouma van my skoonpa, Jasper Vlok. Johanna Helena Botha is op 5 Maart 1901 geïnterneer en op 14 Augustus 1902 vrygelaat. Sy was 528 dae lank in die kamp, byna dubbeld die gemiddeld vir alle inwoners.




**Figuur 8. Rifkartering van sterftes volgens ouderdom, gender en kamp, 1899–1902. Die grootte van die rifte stel die relatiewe sterftes per kamp eerder as die absolute getalle voor**

Ons het ook akkurate inligting oor die sterftesyfers. Iewers tussen 26 000 en 28 000 Boere of hul simpatiseerders het in die kampe omgekom. Daar was ook kampe vir ontwortelde swart mense, van wie 'n geraamde 10 000 dood is.

Ek het inligting oor die ouderdomme van 11 595 van die meestal wit mense wat in die kampe dood is. Figuur 8 wys die ouderdomsverspreiding van die sterftes volgens kamp en gender. Dit is duidelik dat die meeste van die gestorwenes kinders was, ofskoon nie eksklusief nie; in werk wat ek saam met Sophia du Plessis gedoen het, het ons bevind dat ten minste 15% van sterftes dié van vroue ouer as 18 en 11% dié van mans ouer as 18 was.<sup>28</sup> Ek bereken dat ongeveer 1,5% van die sterftes Fouries was.

Baie van die Kaapkolonie se boere het met die lot van die Boere gesimpatiseer en besluit om by hulle aan te sluit. Hulle staan bekend as die Kaapse rebelle. Lauren Coetze werk nou aan die identifisering van faktore wat verduidelik wie sou aansluit en hoekom. Figuur 9 wys van waar die meeste rebelle van die Kaap en ander dele van Suid-Afrika gekom het. Die kolle wys al die Fouries wat aangesluit het. Nie een het van Oudtshoorn gekom nie.



**Figuur 9. Hittekaart van alle rebelle. Die kolle is Fourie-rebelle**

Die Suid-Afrikaanse Oorlog was instrumenteel in die totstandkoming van die verenigde Suid-Afrika in 1910. Al is die Boere verslaan, het die hoë koste van die oorlog, saam met die goudrykdom van Transvaal, beteken dat die noordelike wit mense in 'n sterk bedingsposisie was en hulle kon enige poging om die Kaap se liberale stemreg na die pas verowerde gebiede uit te voer veto. Baie Kaapse politici, swart en wit, het gehoop dat oorwinning sou betekenis dat die stemreg na die swart inwoners van die gewese Boererepublieke uitgebred sou kon word. Die Kaap het ten minste sedert die instelling van verteenwoordigende regering in 1852 'n gekwalifiseerde liberale stemreg gehad, wat betekenis het dat alle mans ongeag ras en onderhewig aan sekere inkomstevereistes kon stem.


Teen die 1880's egter, soos meer grensdistrikte met baie swart inwoners vir die Kolonie geannekseer is, het wit kiesers bekommerd geraak oor die verlies van politieke mag. Wetgewing, by name die Glen Grey Wet van 1894, het tot ontkiesering geleid, veral deur die inkomstevereiste vir stemreg te verhoog en nuwe kwalifikasies, soos geletterdheid, by te voeg. Ek en Farai Nyika het aangetoon dat die getal swart kiesers ten spyte van hierdie hoër vereistes weens die suksesvolle veldtogte van swart leiers aansienlik toegeneem het.<sup>29</sup> Beleggings in

onderwys het ook geletterdheid beduidend verhoog. Ten spyte van die weerstand van wit inwoners, is die vrugte van 'n industrialiserende ekonomie wyer versprei.

Maar die uitbreidende ekonomiese vryheid is 'n uitklophou toegedien toe die land die Unie van Suid-Afrika word. Soos Abel Gwaindepi aangetoon het, was daar 'n ander rede vir die liberaal-gesinde Kaapse politici se swak bedingingsposisie ná die oorlog.<sup>30</sup> Die Kolonie se skuldas was uitermate hoog, 'n gevolg van die skuld waarmee die groot beleggings in die spoorweë gefinansier is. Die dryfkrag agter die spoorweë was Cecil John Rhodes. Sy maatskappy, De Beers, het daarby gebaat omdat dit vervoerkoste na Kimberley se myne verlaag het, wat dit vir die mynbase moontlik gemaak het om minder vir insette en lone te betaal. Maar hulle het ook min belasting betaal wat sou kon help met die finansiering van die spoorweë.

Die spoorweë het sonder enige twyfel soos elders in die wêreld die ekonomiese transformasie van die Suid-Afrikaanse binneland bevorder. Ek en Alfonso Herranz-Loncán het bereken dat 'n kwart van die BBP-groei tussen 1860 en 1909 aan die koms van die spoorweë toegeskryf kan word.<sup>31</sup> Maar hierdie vinnige uitbreiding van infrastruktuur het geld gekos en dit was uiteindelik die Transvaalse goudmyne ná unifikasie wat dit vir die Kaap moontlik gemaak het om sy skuld te betaal – ten koste van die swart stemreg.

Die spoorweë is 'n voorbeeld van hoe nuwe tegnologie ekonomiese voorspoed kan skep. Maar dit is ook 'n voorbeeld van hoe 'n politieke stelsel wat net 'n klein deel van 'n bevolking dien kan toelaat dat 'n politieke elite die bates van die nuwe tegnologie tot nadeel van baie kaap en ongelykheid vergroot. Dit is duidelik dat politieke en ekonomiese vryheid hand aan hand gaan.



**Figuur 10. Dawid Fourie se paternale genealogie oor 11 generasies**

My oer-oupagrootjie, David Hermanus Petrus Fourie, is in 1870 gebore, aan die begin van Suid-Afrika se minerale revolusie. Diamante is toe pas ontdek en allerhande soorte mense het op soek na rykdom na Kimberley gestroom. Kara Dimitruk het getoon dat hierdie skielike vraag na arbeid op die myne 'n onvoorsiene gevolg in die Kaapkolonie gehad het: boere moes skielik 'n manier kry om hul werkers op die plaas te hou. Plaaseienaars het twee keuses gehad: die wortel en die stok. Hulle kon hoër lone betaal, soos wat 'n mens in 'n mededingende ekonomie in 'n demokratiese gemeenskap sou verwag. Maar die Kaapse boere het politieke mag gehad en hulle het dit gebruik om op strenger dwangmaatreëls aan te dring – met swaarder strawwe vir arbeiders wat wegloop.

## 6. Sewe, agt en nege generasies

David Hermanus Petrus se pa, David Hermanus Fourie, is in 1822 gebore, toe die Kaap nog 'n slawe-ekonomie was. Slawerny is afgeskaf toe hy 12 jaar oud was, al moes die eertydse slawe nog vir vier jaar as "vakleerlinge" werk. Op 1 Desember 1838 kon die bykans 40 000 mense wat slawe aan die Kaap was uiteindelik hul eerste tree na ekonomiese vryheid gee.

David Hermanus was ten tyde van die vrystelling te jonk om 'n onafhanklike boer te wees, maar sy pa, Stephanus Johannes Fourie, gebore in 1798, was 40 toe slawerny afgeskaf is. Dit lyk baie waarskynlik dat hy slawe gehad het wat op sy plaas gewerk het. Hoe kon ek uitvind?

In 2010 het die historikus Hans Heese 'n databasis begin bou van al die slawe wat op die Kaapkolonie se slawe-evaluasielyste was. Hierdie lyste is saamgestel nadat die Wet op die Afskaffing van Slawerny in 1833 deur die Britse parlement gevoer is. Dit het bepaal dat slawe in die meeste dele van die Britse Ryk vrygelaat moes word. Daar was wel 'n belangrike voorwaarde. Alle slawe-eienaars moes vergoed word vir die verlies van wat toe as hul eiendom beskou is.

Lyste van al die eertydse slawe is opgestel, saam met hul ambag, oorsprong, ouderdom, gender en waarde, asook besonderhede van hul eienaars. Die totale waarde van al die slawe in die Kolonie was meer as 3 miljoen pond, maar nadat vergoeding toegeken is, het die Kaap net 1 247 pond gekry. Baie slawe-eienaars het dus baie minder gekry as wat hulle verwag het.


Deur die slawe-evaluasielyste met die betalings van vergoeding te kombineer, kon ek, Kate Ekama, Lisa Martin en Hans Heese die datastel van die slawevrystellings bou.<sup>32</sup> Hierdie datastel sal dit vir ons moontlik maak om die finansiële onderstutting van slawerny in die Kolonie te bestudeer. Ons het byvoorbeeld reeds vasgestel dat die vrystelling ekonomiese mag van die platteland na die stad verskuif het. In Kaapstad het baie van die handelaars wat as tussengangers tussen Londen en die Kaap opgetree het sodat die eertydse eienaars hul vergoeding kon kry, florerende banke en verskeringsmaatskappye begin. Ander het in behuising belê, soos Kate Ekama en Robert Ross in nuwe werk aantoon, en eiendom verhuur aan dié wat eens slawe was.<sup>33</sup>

Verbasend genoeg kon ek nie Stephanus Johannes Fourie in ons datastel van slawevrystellings kry nie, maar ek vermoed dit is omdat hy nie 'n baie suksesvolle boer was nie. Hy het net buite Oudtshoorn geboer, in die distrik wat Volmoed genoem word. Van die 5 503 plase in die Kaapkolonie in 1850 het 37 van hulle, of sowat 0,7% van die totaal, aan Fournies behoort.

Ek het wel Stephanus Johannes se pa gekry, nog 'n David Hermanus Fourie. Hy het sewe slawe besit, ses mans en een vrou: Mey, Frans, Albertus, Mawira, Adam, Damon en Regina. Die oudste was 33, die jongste 13. Figuur 11 wys hoe al die slawe in die George-distrik se ouerdomme versprei is. Die hoër getal mans bo 30 weerspieël die hoër aanvraag na mans in die slawehandel, 'n handel wat reeds byna 30 jaar tevore deur die Wet op Slawehandel van 1807 onwettig verklaar is.

Dit is onduidelik wat ná vrylating met David Hermanus se sewe slawe gebeur het. PhD-student Lisa Martin ondersoek tans die faktore wat 'n eertydse slaaf kon motiveer om na Kaapstad of een van die baie sendingstasies wat oral hul verskyning begin maak het te trek. Dit is wel baie moontlik dat hulle nadat hulle vrygelaat is eenvoudig as arbeiders op die plase gebly het.

Al was sy slawe vir 907 pond gewaardeer, het David Hermanus net 260 pond, of 43% van hul totale waarde gekry. Dit is dalk nie verbasend nie dat sy seun, al het hy in die "hoopvolle" distrik Volmoed gewoon, sy plaas Armoed genoem het.



**Figuur 11. Vioolskets van alle slawe volgens ouerdom en gender wat in die slawevrystellingsdatastel vir die George-distrik opgeteken is**

David Hermanus Fourie, my oer-oer-oer-oer-oupagrootjie, was die vyfde seun van Stephanus Fourie. Stephanus is in 1734 gebore, het op 21 met Helena Geertruy Lategan getrou en is in 1825 op 90 dood nadat hy lank genoeg geleef het om die geboorte van sy agterkleinkind te beleef. In sy leeftyd het hy groot veranderinge gesien. Die Kaapkolonie het van 'n nuwe nedersetting om Kaapstad gegroeï tot 'n uitgebreide gebied wat tot aan die Garieprivier in die noorde en die Visrivier in die ooste gestrek het.

## 7. Tien generasies

Stephanus was die 20ste kind van Louis Fourie, die eerste Fourie wat in Suid-Afrika aangekom het. Louis het hom in 1699 op die plaas De Slangerivier gevestig, naby vandag se Wellington. Verbasend genoeg wou nie een van Louis Fourie se nege seuns die plaas ná sy dood in 1750 erf nie. Almal het die binneland in beweeg, oor die eerste bergreekse wat die Kaapse Skiereiland van die droër binneland geskei het. Stephanus het waarskynlik as 16-jarige kort ná sy pa se dood na die Klein Karoo getrek. Hy het hom in die Gamka-distrik gevestig, waar sy nakomelinge steeds ná meer as tien generasies boer.

Louis Fourie en die ander Europeërs wat in Tafelbaai geland het, het nie 'n leë land in die Kaap aangetref nie. Die inheemse Khoesan het in die winterreënvalstreek van die Wes- en Suid-Kaap gewoon. Een van hul clans, die Gorinhaikona, het in die skadu van Tafelberg gewoon. Die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) het gou hul leier, Autshumao, as tolk aangestel. Hy het sy twaalfjarige niggie Krotoa gestuur om in Jan van Riebeeck se huishouding te werk. Van Riebeeck was die eerste kommandeur van die VOC se verversingspos.

In 1664 is Krotoa met Pieter van Meerhof getroud, 'n Nederlandse sjirurgyn, en so het sy die eerste Khoesan geword wat volgens Christelike gebruik getrou het. Hulle het drie kinders gehad. Ná haar man se dood het Krotoa agteruitgegaan en is uiteindelik na Robbeneiland verban, waar sy in 1673 dood is. Dit was nie die einde van haar nalatenskap nie. Haar dogter, Piaternella, is met Daniel Zaaiman, die Kompanjie se tuinier, getroud. Vandag kan alle Suid-Afrikaners met die van Saayman hul voorgeslagte na Krotoa terugvoer. En omdat my oupagrootjie met 'n Zaaiman getroud was, is ek ook veraf verwant.

Die verhaal hoekom die Europeërs besluit het om hulle in die Kaap te vestig is welbekend. Die VOC is in 1602 gestig om die winsgewende speseryehandel tussen die Oos-Indiese Eilande en Europa te benut en het 'n verversingpos aan die Kaap van Goeie Hoop nodig gehad om skepe van vars water, hout en vleis te voorsien, en veral van groente, wat noodsaaklik was om skeurbuik te voorkom. Die eerste Kompanjie-amptenare het in 1652 aangekom om 'n fort te vestig. Gou was daar nie genoeg voorrade nie en binne vyf jaar is nege Kompanjie-amptenare toegelaat om vryburgers te word. Ten spyte van die woord "vry" het hulle min ekonomiese vryheid gehad: hulle was verplig om al hul produkte aan die Kompanjie se bergplekke in Kaapstad te verkoop en hulle was verbied om goedere te vervaardig of handel met verbygaande skepe te dryf. Eweneens mag hulle nie met die Khoesan handel gedryf het nie, al was albei kante gretig om dit te doen.

Weens hierdie beperkings is die Kaap oor die algemeen as 'n ekonomies agterlike plek beskou, met stadige groei en 'n bestaansekonomie.<sup>34</sup> En inderdaad, die nuutste uitgawe van die *Oxford Handbook of the South African Economy*, uitgegee in 2021, onderskryf ook die mening dat boere en handelaars eers ná die einde van Nederlandse beheer in 1795 ryk geword het.<sup>35</sup> Historici, sowel Afrikanernasionaliste as Engelse liberale, het hul eie redes gehad waarom hulle 'n ontstaanstorie van Afrikanerarmoede wou glo.<sup>36</sup> Maar was daardie setlaarboere, insluitend Stephanus en sy agt broers, regtig so arm?

Dit is die vraag wat my na die ekonomiese geskiedenis gelok het. Dit was my geluk dat die inventarisse van Kaapse setlaars 'n paar jaar vroeër volledig getranskribeer is en ek het hierdie inventarisse begin ontleed. Tot my verbassing was die Kaapse boere in vergelyking met ander setlaarsgemeenskappe en selfs in vergelyking met van die rykste lande in die agtiende eeu, soos

Engeland en Nederland, merkwaardig ryk.<sup>37</sup> Ek het dit bevestig toe ek my bevindings met die Nederlands Oos-Indiese Kompanjie se belastingsensusse vergelyk het. Kaapse setlaarboere het gemiddeld 55 beeste en 350 skape besit. Hulle het ook 10 stoele, 4 boeke en 5 skilderye besit. Hierdie mense was duidelik nie net bestaansboere nie.

Die inventarisse het ook krediete en debiete aangeteken. Christie Swanepoel het die omvang en doel van die uitgebreide informele kredietnetwerk ondersoek. Sy het gevind dat die meeste van die lenings nie vir verbruiksgoedere gebruik is nie, maar om te belê, dikwels om slawe te bekom.<sup>38</sup> Calumet Links het bereken dat slawe en Khoesan nie plaasvervangers vir plaasarbeiders was nie.<sup>39</sup> Hulle het die inset in die produksieproses gekomplementeer en dit suggereer weer dat die aankoop van slawe 'n ander doel gedien het: as kollateraal vir lenings. Die punt wat al hierdie bevindings maak is dat die Kaapse setlaarboere nie van die hand na die mond geleef het nie.

Terselfdertyd moet ons nie lewenstandarde wat beter was as wat verwag is gelykstel aan ons goeie hedendaagse lewe nie. Daar is baie redes hoekom ons lewe baie geriefliker is as dié van ons voorouers. Ek het aan die begin genoem vandag se lewensverwagting vir mans wat in die Wes-Kaap gebore is, is bo 65 jaar. Ek en Jeanne Cilliers het bereken dat die mediaanlewensduur van setlaarmans in die agtiende-eeuse Kaap 40 jaar was.<sup>40</sup> Dit was gelykstaande aan die lewensduur van mans in ander gemeenskappe voor die negentiende-eeuse vordering in die mediese wetenskap, voeding en sanitasie.

Ek wou nie net weet hoe welvarend hierdie setlaars was nie, maar ook hoekom. Waarom het sommige uitgestyg en ander agtergeraak? Dit is die fundamentele vraag van ekonomiese geskiedenis: Hoekom is sommige ryk en ander nie – of nog nie?


Dit het vir my gelyk of die belastingsensusse die meeste potensiaal gehad het om dié vraag te beantwoord. Hulle was groot en daar was honderde van hulle. Hierdie data kon tog sekerlik benut word, as ek net 'n vennoot met 'n dik bursie kon kry. Gelukkig kry ek toe in die vroeë 2010's 'n e-pos van die Sweedse ekonomiese historikus Erik Green. Hy het gesê hy wil op die argierekords van Transvaalse plase werk, maar ek het hom gou oortuig hy sal beter met die Kaapse plase vaar. Die Transvaalse rekords is maar effentjies, soos Kara Dimitruk, Sophia du Plessis en Stan du Plessis aangetoon het.<sup>41</sup> Daarteenoor bied die Kaapse belastingsensusse, of opgaafrolle, groot moontlikhede. So het 'n florerende samewerking begin. In September 2020 kry ons toe die buitengewone nuus dat ons Kaap van Goeie Hoop Paneel-projek deur die Sweedse Riksbanken gefinansier sal word, en dit word die grootste geestes- en sosialewetenskapsprojek in die Sweedse geskiedenis.<sup>42</sup> Ons het nou al goed gevorder met die transkribering van al die Kaapse belastingsensusse, wat ons hoop die wêreld se grootste datastel van 'n tussengenerasie- en multigenerasiepaneel sal wees.

Wat kan ons tot dusver leer? Ek en die Amerikaanse ekonomiese historikus Frank Garmon het Kaapse boere met hul Amerikaanse eweknieë vergelyk.<sup>43</sup> Ons het bevind dat die Kaapse boere hoër inkomstes verdien en meer bates gehad het. Dit weerspreek die aansprake van vooraanstaande ekonomiese historici dat koloniale Amerika 'n wêreldleier in inkomste per capita was. In voortgesette werk saam met verskeie kollegas en studente ondersoek ek kwessies soos inkomstemobiliteit, ongelykheid, die skep van netwerke en die oordrag van welvaart tussen generasies.

In een van ons vroegste projekte het ek en kollega Dieter von Fintel gevind dat een subgroep Kaapse boere besonder produktief was: die Hugenote, wat ná die herroeping van die Edik van Nantes uit Frankryk gevlug het.<sup>44</sup> Die meeste van hulle het die grens na Duitse gebiede oorgesteek, of na Nederland, Engeland of die Amerikas gegaan, maar sowat 150 het hul weg na die suidpunt van Afrika gevind. Ons het gevind dat hierdie vlugtelinge goeie produsente van een ding was wat steeds die hoeksteen van die Stellenbosse ekonomie is: wyn. In onlangse werk het meestersgraadstudent Tiaan de Swardt ons studie gerepliseer, nou gebaseer op die uitgebreide Kaap van Goeie Hoop Paneel. Hy het bevind dat die Hugenote se voorsprong twee tot drie generasies ná hul aankoms steeds voortgeduur het, wat beteken hulle het hul wynmakersvernuf veilig in die familie gehou. Te oordeel aan sy plaas se opbrengs, was Louis, die eerste Fourie in Suid-Afrika, oënskynlik nie so suksesvol in hierdie poging as sy Hugenote-landgenote nie.

In die toekoms sal die getranskribeerde belastingsensusse dit vir ons moontlik maak om die individuele lewenspad van elk van die duisende Kaapse setlaars uit te stippel, net soos ek gedoen het met die eerste 18 jaar wat Louis Fourie in die rekords verskyn. Die tegniese probleme om hierdie individue oor tyd heen te volg, sal groot wees. Figuur 12 wys dat Louis Fourie se naam op elk van die eerste 13 belastingsensusse waarin hy aangeteken is anders gespel is, van Louwis Floru, tot Louis Flory, tot Ludovicus Florius, tot Louis Fourie. Maar as ons die uitdaging die hoof kan bied, is die geleenthede legio.<sup>45</sup> Hier sien ons hoe Louis mettertyd sy huishouding vergroot het, ten spyte van die dood van etlike van sy kinders, en van sy eerste vrou, Susanna Cordier, in 1713. Teen 1718 het hy weer getrou, hierdie keer met Anne Jourdan, by wie hy 12 kinders gehad het.

Ons het nog nie die belastingsensusse vir die 1720's en die 1730's getranskribeer nie, maar die transkripsies vanaf 1739 duur voort. Louis het nou meer kinders gehad – sy 20ste kind, my direkte voorouer Stephanus Fourie, is in 1734 gebore, maar hy was materieel gesproke nie veel beter daaraan toe nie. Hy het 'n paar wingerdstokke meer gehad, maar baie minder vee. Teen die einde van sy lewe, in 1750, het vier slawe op die plaas gewerk, min of meer die gemiddeld vir alle setlaars oor die 18de eeu.



**Figuur 12. Louis Fourie se kinders, slawe en landboubates, volgens desiel, 1700–1718**

Al word Louis eers in 1700 vir die eerste keer in die sensus aangeteken, het hy reeds 12 jaar vroeër aangekom, op 12 Mei 1688, aan boord van *Borsenburg*.<sup>46</sup> Saam met hom was sy vriend Pierre Lombard en Pierre se vrou Marie Couteau. Die drie van hulle was deel van 'n klein groep Hugenote-vlugtelinge wat uit Livron ontsnap het, 'n stad in die Suid-Franse provinsie Dauphiné. Hulle het meer as 1 400 kilometer gestap om skuiling in die Waalse Kerk in Amsterdam te kry. Louis was ongeveer 18 jaar oud, 'n ongeletterde plaasarbeider op vlug van die Katolieke dragonders wat die Protestantse Hugenote vervolg het. Louis het Pierre en Marie op pad na Amsterdam ontmoet. Dit weet ons uit die rekords van hulp wat onderweg aan hulle verleen is. Omdat Louis ongeletterd was, het ander sy naam op verskillende maniere aangeteken. Die inskrywing in die Waalse Kerk se rekords vir 21 Desember 1687 lees: *Louis Faurite pour la Cap* – “Louis Fourie onderweg na die Kaap”. Aan die Kaap het Faurite, ná verskillende spellings, eenvoudig Fourie geword.

Louis Fourie se lang tog na ekonomiese vryheid – van plaasarbeider wat weens sy godsdiens vervolg is tot Kaapse boer met 99 kleinkinders – getuig van sy vindingrykheid en geesteskrag. Maar dit getuig ook van die steun van die gemeenskap waar hy as immigrant ingekom het. Hy het waarskynlik eers as plaashulp gewerk. Teen 1699 het hy die kans gekry om 'n plaas met vaste eiendomsregte te bekom. Die Kompanjie het lenings aan nuwe setlaars gebied en ek vind in 'n nuwe projek waar ons die kontantboeke van die Nederduitse Gereformeerde Kerk transkribeer dat die kerk beduidende lenings toegestaan het, ook aan etlike Hugenote en vrygestelde slawe. Al kon ek geen bewys daarvan vind nie, is dit waarskynlik dat Louis Fourie ook een gekry het.

## 8. Ter afsluiting

Dit wat mense produktiewer maak is wetenskaplike en tegnologiese innovasie, 'n ondernemende gees, en die kulturele norme, waardes en instellings wat hierdie gees van innovasie voed. Ons versprei die winste deur onderwys vir almal beskikbaar te maak, deur te verseker dat vroue op gelyke vlak deelneem, deur toegang tot krediet en finansiële markte te bied, deur die demokrasie en die regsorte te beskerm, wetgewing en regulasies wat vrye keuse inhipeer te keer, en 'n maatskaplike veiligheidsnet aan gewone mense te gee sodat hulle bemagtig sal word om te waag.

Maar die eerste stap in ons lang tog na ekonomiese vryheid is om te weet dat, ongeag ons daaglikse swaarkry en ons kommer oor die toekoms, ons lewe baie beter is as dié van ons voorouers. Ekonomiese historici help ons om uit die verlede te leer sodat ons 'n selfs nog voorspoediger toekoms kan bou – vir Dawid Fourie en die generasies ná hom.

## Bibliografie

- Boshoff, W.H. (red.). 2020. *Business cycles and structural change in South Africa: An integrated view*. Springer Nature.
- Boshoff, W.H. en J. Fourie. 2020. The South African economy in the twentieth century. In Boshoff (red.) 2020.
- Bredenkamp, C., R. Burger, A. Jourdan en E. van Doorslaer. 2021. Changing inequalities in health-adjusted life expectancy by income and race in South Africa. *Health Systems & Reform*, 7(2), e1909303.
- Calitz, E. en J. Fourie. 2016. The historically high cost of tertiary education in South Africa. *Politikon*, 43(1):149–154.
- Cilliers, J. en J. Fourie. 2012. New estimates of settler life span and other demographic trends in South Africa, 1652–1948. *Economic History of Developing Regions*, 27(2):61–86.
- De Kadt, D., J. Fourie, J. Greyling, E. Murard en J. Norling. 2021. Correlates and Consequences of the 1918 Influenza in South Africa. *South African Journal of Economics*, 89(2):173–195.
- Dimitruk, K., S. du Plessis en S. du Plessis. 2021. De jure property rights and state capacity: Evidence from land specification in the Boer Republics. *Journal of Institutional Economics*, 17(5):764–780.
- Du Plessis, S. en J. Fourie. 2016. “'n Droewige laslap op die voos kombers van onreg”: 'n Statistiese analyse van konsentrasiekampbewoners. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4–2):1178–1199.
- Ekama, K., J. Fourie, H. Heese en L.C. Martin. 2021. When Cape slavery ended: Introducing a new slave emancipation dataset. *Explorations in Economic History*, 81:101390.

- Ekama, K. en R. Ross. 2022. *From mortgage holders to slum landlords: Compensated emancipation and the building of Cape Town in the 1830s–1840s*. Mimeo.
- Feinstein, C.H. 2005. *An economic history of South Africa: Conquest, discrimination, and development*. Cambridge University Press.
- Fourie, J. 2013. The remarkable wealth of the Dutch Cape Colony: measurements from eighteenth-century probate inventories. *The Economic History Review*, 66(2): 419–448.
- Fourie, J. 2014. Subverting the standard view of the Cape economy: Robert Ross's cliometric contribution and the work it inspired. *Magnifying Perspectives: Contributions to History, a Festschrift for Robert Ross, ASC Occasional Publication*, 26: 261–273.
- Fourie, J. 2016. The data revolution in African economic history. *Journal of Interdisciplinary History* 47(2):193–212.
- Fourie, J. 2020. *Our long walk to economic freedom: Lessons from 100 000 years of human history*. Tafelberg, Cape Town.
- Fourie, J. en F. Garmon. 2022. *The settlers' fortunes: Comparing tax censuses in the Cape Colony and early American Republic*. Mimeo.
- Fourie, J. en E. Green. 2018. Building the Cape of Good Hope Panel. *The History of the Family*, 23(3):493–502.
- Fourie, K., K. Inwood en Martine Mariotti. 2022. *Living standards in settler South Africa, 1865–1920*. Mimeo.
- Fourie, J. en J. Jayes. 2021. Health inequality and the 1918 influenza in South Africa. *World Development*, 141:105407.
- Fourie, J. en A. Rommelspacher. 2021. Marriage in the Mother City: The Anglican marriage records of Cape Town, 1865–1960. *New Contree*, 87:122–141.
- Fourie, J. en C. Swanepoel. 2018. ‘Impending ruin’ or ‘remarkable wealth’? The role of private credit markets in the 18th-century Cape Colony. *Journal of Southern African Studies*, 44(1):7–25.
- Fourie, J. en D. von Fintel. 2014. Settler skills and colonial development: The Huguenot wine-makers in eighteenth-century Dutch South Africa. *The Economic History Review*, 67(4):932–963.
- Fourie, O. 2021. Faurite to Fourie: What's in a name? *Huguenot Bulletin*, 58:60–70.
- Goldin, C. 2021. *Career and family: Women's century-long journey toward equity*. Princeton University Press.

Gwaindepi, A. en J. Fourie. 2020. Public sector growth in the British Cape Colony: Evidence from new data on expenditure and foreign debt, 1830–1910. *South African Journal of Economics*, 88(3):341–367.

Helgertz, J., J. Price, J. Wellington, K.J. Thompson, S. Ruggles en C.A. Fitch. 2022. A new strategy for linking US historical censuses: A case study for the IPUMS multigenerational longitudinal panel. *Historical Methods: A Journal of Quantitative and Interdisciplinary History*, 55(1):12–29.

Herranz-Loncán, A. en J. Fourie. 2018. “For the public benefit”? Railways in the British Cape Colony. *European Review of Economic History*, 22(1):73–100.

Links, C., Fourie, J. en E. Green. 2020. The substitutability of slaves: Evidence from the eastern frontier of the Cape Colony. *Economic History of Developing Regions*, 35(2):98–122.

Maphosa, L.M., A. Ehlers, J. Fourie en E.M. Kerby. 2021. The growth and diversity of the Cape private capital market, 1892–1902. *Economic History of Developing Regions*, 36(2):149–174.

Mokyr, J. 2017. *A Culture of growth. The origins of the modern economy*. Princeton en Oxford: Princeton University Press.

Mpeta, B., J. Fourie en K. Inwood. 2018. Black living standards in South Africa before democracy: New evidence from height. *South African Journal of Science*, 114(1–2):1–8.

Nyika, F. en J. Fourie. 2020. Black disenfranchisement in the Cape Colony, c. 1887–1909: Challenging the numbers. *Journal of Southern African Studies*, 46(3):455–469.

Rijpma, A., J. Cilliers en J. Fourie. 2020. Record linkage in the Cape of Good Hope Panel. Historical methods. *A Journal of Quantitative and Interdisciplinary History*, 53(2):112–129.

Schirmer, S. 2021. The economic history of South Africa before 1948. *The Oxford Handbook of the South African Economy*, 1000:26–46.

Stein, S.A. 2007. “Falling into Feathers”: Jews and the Trans-Atlantic Ostrich Feather Trade. *The Journal of Modern History*, 79(4):772–812.

Van Heyningen, E. 2010. A tool for modernisation? The Boer concentration camps of the South African War, 1900–1902. *South African Journal of Science*, 106(5):1–10.

World Bank Open Data. <https://data.worldbank.org/>. Toegang verkry: April 2022.

World Health Organization. [https://www.who.int/news-room/detail/26-11-2021-classification-of-omicron-\(b.1.1.529\)-sars-cov-2-variant-of-concern](https://www.who.int/news-room/detail/26-11-2021-classification-of-omicron-(b.1.1.529)-sars-cov-2-variant-of-concern). Toegang verkry: April 2022.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Hierdie skrywe is gebaseer op my intreerde aan Stellenbosch Universiteit op 17 Mei 2022. Die teks is egter beduidend gerедigeer. Die volgende persone het waardevolle navorsingsinsette gelewer: Kate Ekama, Edward Kerby, Jonathan Jayes, Lisa-Cheree Martin en Jan-Hendrik Pretorius. Dank ook aan Anne-Marie Mischke vir die vertaling.

<sup>2</sup> World Health Organization. [https://www.who.int/news/item/26-11-2021-classification-of-omicron-\(b.1.1.529\)-sars-cov-2-variant-of-concern](https://www.who.int/news/item/26-11-2021-classification-of-omicron-(b.1.1.529)-sars-cov-2-variant-of-concern). Toegang verkry: April 2022.

<sup>3</sup> Boshoff, W.H. en J. Fourie. 2020. The South African economy in the twentieth century. In *Business cycles and structural change in South Africa* (pp. 49–70). Springer, Cham.

<sup>4</sup> Bredenkamp, C., R. Burger, A. Jourdan en E. van Doorslaer. 2021. Changing Inequalities in Health-Adjusted Life Expectancy by Income and Race in South Africa. *Health Systems & Reform*, 7(2), e1909303.

<sup>5</sup> World Bank Open Data. <https://data.worldbank.org/>. Toegang verkry: April 2022.

<sup>6</sup> Fourie, J. 2020. *Our long walk to economic freedom: Lessons from 100 000 years of human history*. Tafelberg, Cape Town.

<sup>7</sup> World Health Organization. [https://www.who.int/news/item/26-11-2021-classification-of-omicron-\(b.1.1.529\)-sars-cov-2-variant-of-concern](https://www.who.int/news/item/26-11-2021-classification-of-omicron-(b.1.1.529)-sars-cov-2-variant-of-concern). Toegang verkry April 2022.

<sup>8</sup> Boshoff, W. H. en J. Fourie. 2020. The South African economy in the twentieth century. In *Business cycles and structural change in South Africa* (pp. 49–70). Springer, Cham.

<sup>9</sup> Bredenkamp, C., R. Burger, A. Jourdan en E. van Doorslaer. 2021. Changing Inequalities in Health-Adjusted Life Expectancy by Income and Race in South Africa. *Health Systems & Reform*, 7(2), e1909303.

<sup>10</sup> World Bank Open Data. <https://data.worldbank.org/>. Toegang verkry: April 2022.

<sup>11</sup> Mokyr, J. 2017. *A Culture of Growth. The Origins of the Modern Economy*. Princeton en Oxford: Princeton University Press.

<sup>12</sup> Fourie, J. 2020. *Our long walk to economic freedom: Lessons from 100 000 years of human history*. Tafelberg, Kaapstad.

<sup>13</sup> Fourie, J. 2016. The data revolution in African economic history. *Journal of Interdisciplinary History* 47(2), 193–212.

<sup>14</sup> Boshoff, W.H. en J. Fourie. 2020. The South African economy in the twentieth century. In *Business cycles and structural change in South Africa* (pp. 49–70). Springer, Cham. PhD-student Timothy Ngalande is nou besig om ons ontleding uit te brei.

<sup>15</sup> Calitz, E. en J. Fourie. 2016. The historically high cost of tertiary education in South Africa. *Politikon*, 43(1), 149–154.

<sup>16</sup> Goldin, C. 2021. *Career and Family: Women's Century-Long Journey toward Equity*. Princeton University Press.

<sup>17</sup> Fourie, J. en A. Rommelspacher. 2021. Marriage in the Mother City: The Anglican marriage records of Cape Town, 1865–1960. *New Contree* 87, 122–141.

<sup>18</sup> Hierdie data is vir 'n Meestersverhandeling deur Anke Joubert verkry: What separates the best from the rest, Universiteit Stellenbosch, 2015.

<sup>19</sup> Helgertz, J., J. Price, J. Wellington, K.J. Thompson, S. Ruggles en C.A. Fitch. 2022. A new strategy for linking US historical censuses: A case study for the IPUMS multigenerational longitudinal panel. *Historical Methods: A Journal of Quantitative and Interdisciplinary History*, 55(1), 12–29.

<sup>20</sup> Die navorsingseenheid waaraan ek gekoppel is, is die Laboratory for the Economics of Africa's Past (LEAP).

<sup>21</sup> My dank aan honneurs-student Jan-Hendrik Pretorius vir die berekening van hierdie getalle.

<sup>22</sup> Fourie, J. en J. Jayes. 2021. Health inequality and the 1918 influenza in South Africa. *World Development*, 141, 105407; de Kadt, D., J. Fourie, J. Greyling, E. Murard en J. Norling. 2021. Correlates and Consequences of the 1918 Influenza in South Africa. *South African Journal of Economics*, 89(2), 173–195.

<sup>23</sup> Stein, S.A. 2007. "Falling into Feathers": Jews and the Trans-Atlantic Ostrich Feather Trade. *The Journal of Modern History*, 79(4), 772–812, at 779.

<sup>24</sup> Maphosa, L.M., A. Ehlers, J. Fourie en E.M. Kerby. 2021. The growth and diversity of the Cape private capital market, 1892–1902. *Economic History of Developing Regions*, 36(2), 149–174.

<sup>25</sup> Mpeta, B., J. Fourie en K. Inwood. 2018. Black living standards in South Africa before democracy: New evidence from height. *South African Journal of Science*, 114(1–2), 1–8.

<sup>26</sup> Fourie, K., K. Inwood en Martine Mariotti. 2022. *Living standards in settler South Africa, 1865–1920*. Mimeo.

<sup>27</sup> Van Heyningen, E. 2010. A tool for modernisation? The Boer concentration camps of the South African War, 1900–1902. *South African Journal of Science*, 106(5), 1–10.

<sup>28</sup> Du Plessis, S. en J. Fourie. 2016. "'n Droewige laslap op die voos kombers van onreg": 'n Statistiese analyse van konsentrasiekampbewoners. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(4–2), 1178–1199.

<sup>29</sup> Nyika, F. en J. Fourie. 2020. Black Disenfranchisement in the Cape Colony, c. 1887–1909: Challenging the Numbers. *Journal of Southern African Studies*, 46(3), 455–469.

<sup>30</sup> Gwaindepi, A. en J. Fourie. 2020. Public Sector Growth in the British Cape Colony: Evidence From New Data on Expenditure and Foreign Debt, 1830–1910. *South African Journal of Economics*, 88(3), 341–367.

<sup>31</sup> Herranz-Loncán, A. en J. Fourie. 2018. “For the public benefit”? Railways in the British Cape Colony. *European Review of Economic History*, 22(1), 73–100.

<sup>32</sup> Ekama, K., J. Fourie, H. Heese en L.C. Martin. 2021. When Cape slavery ended: Introducing a new slave emancipation dataset. *Explorations in Economic History*, 81, 101390.

<sup>33</sup> Ekama, K. en R. Ross. 2022. *From mortgage holders to slum landlords: Compensated emancipation and the building of Cape Town in the 1830s–1840s*. Mimeo.

<sup>34</sup> Feinstein, C.H. 2005. *An economic history of South Africa: Conquest, discrimination, and development*. Cambridge University Press.

<sup>35</sup> Schirmer, S. 2021. The Economic History of South Africa before 1948. *The Oxford Handbook of the South African Economy*, 1000, 26–46, op 31.

<sup>36</sup> Fourie, J. 2014. Subverting the standard view of the Cape economy: Robert Ross’s cliometric contribution and the work it inspired. *Magnifying Perspectives: Contributions to History, a Festschrift for Robert Ross, ASC Occasional Publication*, 26, 261–273.

<sup>37</sup> Fourie, J. 2013. The remarkable wealth of the Dutch Cape Colony: measurements from eighteenth-century probate inventories. *The Economic History Review*, 66(2), 419–448.

<sup>38</sup> Fourie, J. en C. Swanepoel. 2018. ‘Impending ruin’ or ‘remarkable wealth’? The role of private credit markets in the 18th-century Cape Colony. *Journal of Southern African Studies*, 44(1), 7–25.

<sup>39</sup> Links, C., J. Fourie en E. Green. 2020. The substitutability of slaves: Evidence from the eastern frontier of the Cape Colony. *Economic History of Developing Regions*, 35(2), 98–122.

<sup>40</sup> Cilliers, J. en J. Fourie. 2012. New estimates of settler life span and other demographic trends in South Africa, 1652–1948. *Economic History of Developing Regions*, 27(2), 61–86.

<sup>41</sup> Dimitruk, K., S. du Plessis en S. du Plessis. 2021. De jure property rights and state capacity: evidence from land specification in the Boer Republics. *Journal of Institutional Economics*, 17(5), 764–780.

<sup>42</sup> Fourie, J. en E. Green. 2018. Building the Cape of Good Hope Panel. *The History of the Family*, 23(3), 493–502.

<sup>43</sup> Fourie, J. en F. Garmon. 2022. *The settlers’ fortunes: Comparing tax censuses in the Cape Colony and early American Republic*. Mimeo.

<sup>44</sup> Fourie, J. en D. von Fintel. 2014. Settler skills and colonial development: the Huguenot wine-makers in eighteenth-century Dutch South Africa. *The Economic History Review*, 67(4), 932–963.

<sup>45</sup> Ons het al gevorder. Sien Rijpma, A., J. Cilliers en J. Fourie. 2020. Record linkage in the Cape of Good Hope Panel. *Historical Methods: A Journal of Quantitative and Interdisciplinary History*, 53(2), 112–129.

<sup>46</sup> Fourie, O. 2021. Faurite to Fourie: What's in a name? *Huguenot Bulletin*, 58, 60–70.